# DIE WAPAD

**STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.**

DEEL X. VRYDAG, 20 MEI 1955 No. 5


# PUIK INTERVARSITY in VOORUITSIG

## PUKKE IS OORGEHAAL

Gedurende die loop van vandag en more sal die P.U.-gronde weer oortrek wees van al wat 'n Vrystaatse student is. Die vyftiende Intervarsity tussen die U.O.V.S. en P.U. neem vanmiddag om 2-uur 'n aanvang wanneer die tennisspanne van hierdie twee inrigtings teen mekaar te velde trek; dan sal daar nie 'n einde aan die spanning kom voordat die eindfluitjie in die wedstryd tussen die eerstespan van die Oukies en Theos moremiddag op die Olënpark blaas nie. Ja, die eerste skote gaan binne 'n paar uur klap en dan sal daar geen keerkans meer wees nie. Daar gaan een verbete stryd op die ander wees en harde bene gaan nog gekou word voordat die Oukies more-aand weer na hulle vesting in Bloemfontein sal terugkeer.

Vir die afgelope week is die boeke alreeds so stadigaan ops ygeskuif, Proffies het voor leë klaskamers omgedraai en al wat 'n Puk en 'n Oukie is, het oor die kanse van hulle onderskeie spanne begin gesels. En niemand kan kwalik geneem word nie, want Intervarsity is mos een van die paar groot dae in elke student se lewe.

**Baie welkom in Pukkeland, Oukies. Elke Puk het uitgesien na hierdie Intervarsity, veral ná die groot neerlag wat Theos verlede jaar teen julle eerstespan moes delf. Die Pukke is hierdie jaar egter meer slaggereed vir julle, tot die tande toe gewapen om die vorige neerlae uit te wis en julle met die kous oor die kop huistoe te stuur. Mag julle egter die Intervarsity terdeë geniet en julle verblyf hier baie aangenaam wees.**

### THEOS OP OORLOGSPAD

Geoordeel na die afgelope wedstryde van die Puk se eerste voetbalspan, sal die Oukies maar baie lig moet loop. Hier in Wes-Transvaal het Theos die een span na die ander onder die stof geloop en word hulle beskou as een van die gedugste spanne in die liga asook die moontlike wenners daarvan. **Dewey de Wet**, kaptein van die eerstespan, het ons die versekering gegee dat sy span uitsien na hierdie botsing. Hy wou nie veel van sy span se planne uit die mou laat nie, maar veelbetekenend geglimlag toe hy ons meedeel dat daar 'n verrassing op die Oukies wag.

### TUKKIES OORTUIGEND GEKLOP

**Die feit dat Theos twee weke gelede daarin kon slaag om die sterk span van Tukkies met 12 punte teenoor ses te verslaan (sien ons sportbladsy), spreek alreeds boekdele. Met hierdie belangrike wedstryd agter die rug asook talle ander liga- en vriendskaplike wedstryde, is Theos nog onoorwonne, en die een groot vraag wat daar op hierdie stadium op elkeen se lippe is, is die feit of Theos se onoorwonne rekord nog na die Intervarsity sal staan of nie.**

### U.V.-SPANNE

**Mnr. Gert le Roux, die sportredakteur van die „Irawa"** het as volg berig oor die sterkte van die U.V.-voetbalspanne. Hy skryf dat die geesdrif vir ons nasionale spel vanjaar eenvoudig sonder perke aan die U.V. is. Die klub beskik oor die dienste van 'n groot aantal spelers waaronder heelparty van die ou staatmakers met wie die Pukke alreeds kennis gemaak het.

Wat die eerstespan betref het dit tot dusver vanjaar nie te voor die wind gegaan nie. Hierdie span, wat feitlik dieselfde is as verlede jaar s'n, het nog nie met die uithalerspel van verlede jaar voor die dag gekom nie. Dit wil egter geensins sê dat die Pukke heeltemal gerus moet wees nie, want **Ben Kruger, die U.V.-kaptein** en sy manne kan beslis vir die Pukke iets gee om baie goed oor na te dink.

Wat U.V. se tweedespan betref, skryf mnr. Le Roux, gaan die Pukke met 'n gedugte vyftiental te doen kry wat self oor heelwat van verlede jaar se staatmakers beskik. Die „Thirds" is egter volgens „Irawa" se sportredakteur, die span wat sonder twyfel die Pukkie die grootste skrik op die lyf kan ja. Die onder-negentien-spannetjie is glo ook net so omgesukkel, baie geesdriftig, lief om die bal met mening rond te gooi en geneig om alles wat in hulle pad kom, te verpletter.


### ANDER INTERVARSITY-SPANNE

Wat die Puk se ander spanne betref, lyk dit asof die Oukies maar gaan noustrop trek. Beide die Mans- as die Dameshokkiespanne speel sommer hokkie uit die boonste rakke. Die Jukskeispan is soos nog altyd in die verlede, dié span waarop die Puk trots kan wees en wat die Korfbalspan betref, nou-ja, daar bestaan geen gevaar vir 'n P.U.-neerlaag nie.

## SPESIALE „WAPAD" MORE-AAND

'n Spesiale uitgawe van die „Wapad" sal more-aand teen ongeveer 9-uur teen 6d stuk verkrygbaar wees. Hierdie uitgawe sal uitsluitlik bestaan uit berigte en verslae oor die verskillende wedstryde wat gedurende vandag en more tydens die Interversity sal plaasvind. Ons wil ons lesers egter daarop attent maak dat slegs 'n beperkte aantal kopieë gedruk sal word en dit daarom goed sal wees indien u by die voorsitter van die Administrasie, Mnr. Andries Hechter of by enige ander lid van die administrasie vroegtydig u bestelling plaas. Hierdie „Wapad" is **nie** ingesluit by die uitgawes waarop daar ingeteken word nie.

P.U.-DIRIGENT



Winties van Niekerk, P.U.-dirigent

U.O.V.S.-DIRIGENT



Stoffel Prinsloo, U.V.-dirigent
(Sien sy boodskap op bl. 9)

## UITSLAE VAN VORIGE INTERVARSITIES

| JAAR. | U.V. | P.U. |
|---|---|---|
| 1927 | 6 | 4 |
| 1938 | 8 | 11 |
| 1943 | 8 | 6 |
| 1944 | 11 | 3 |
| 1945 | 3 | 4 |
| 1946 | 10 | 5 |
| 1947 | 7 | 6 |
| 1948 | 20 | 6 |
| 1949 | 3 | 8 |
| 1950 | 5 | 11 |
| 1951 | 3 | 6 |
| 1952 | 12 | 11 |
| 1953 | 3 | 0 |
| 1954 | 21 | 8 |

TOTAAL: U.V. wen 9, P.U. wen 5.

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**

LANGS WELKOM-KAFEE.

Besoek ons vir betroubare werk en spoed!

**FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.**

**J. TOD SUTTIE.**

Komplete

**Mansuitrusters**

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 127 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

Vir . . . .

VIS, ERTAPPELS,


VERVERSINGS, ens. . . .

**WELKOM KAFEE.**

Von Wiellighstraat 13,

POTCHEFSTROOM.


**Dis u kafee, Studente!**




**Eerste in die wêreld**

As u 'n sensitiewe roker is, sal u Rembrandt van Ryn Filter de Luxe —die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk — geniet. Dit bied nog groter genot — die room van die Tabakoes *plus* die „Golden Throat"-filter met dun lagies watte tussen kreukelpapier. Dit gee koel, verspreide rook — geen teken van tongbrand nie.

Prys in Suid-Afrika: 1/9 vir 20
Ook in standaard grootte:
Rembrandt Filter de Luxe teen
5 vir 20, 3/6 vir 50




Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

**met die „GOLDEN THROAT"-filter**

Spleres VRFA6

## KOM ONS HELP, PUKKE

Hiermee wens ons dit onder u aandag te bring dat Mnr. D. J. Eloff, Uitbreidingsbeampte van die P.U., aangestel is as korrespondent van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie op Potchefstroom. Mnr. Eloff wens dan ook 'n beroep op alle studente te doen om enige gebeure van nuuswaarde so gou as moontlik aan hom mee te deel waarna sodanige nuus oor die Transvaalse Streeknuus uitgesaai sal word.

U heelhartige samewerking, Pukke sal hoog waardeer word.

## Uitbreidingslesings

Gedurende Mei, Junie, Augustus en September 1955 word 'n aantal uitbreidingslesings vir die algemene publiek van Potchefstroom aan die P.U. vir C.H.O. gereël.

Die publiek van Potchefstroom word vriendelik uitgenooi om die lesings by te woon en te ondersteun. Die lesings is van populêr-wetenskaplike aard en sal besonder interessant en leersaam wees.

Lesings sal eenkeer per week op 'n Maandagaand gehou word.

Met uitsondering van prof. R. E. Davies, wat die gehoor in Engels sal toespreek, sal lesings in Afrikaans gehou word.

Inskrywingsgeld bedra 3/- per aand of 10/6 per maand.

Mevrou M. van der Merwe, die huismoeder van die dameskoshuise, is na 'n behandeling in die hospitaal, weer terug in ons midde. 'n Woord van hartelike verwelkoming word aan haar gerig. Ons hartewens is dat die behandeling wel geslaagd was en sy met verloop van tyd, al haar kragte sal herwin.

**WESTVAAL**

**Studente !!!**

VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA

**WESTVAAL**

KOM SIEN ONS—

vir al u

- Fotografiese

en

- Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

# Die Wapad

VRYDAG, 20 MEI 1955

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.



## REDAKSIE

HOOFREDAKTEUR ...... M. J. Strydom.

ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR ...... E. J. Smit.

NUUSREDAKTEURS ...... Mej. S. J. E. M. van Schouwenburg, Mej. M. M. Malan, J. T. C. Snyman.

KUNSREDAKTEURS ...... Mej. J. M. T. van der Merwe. C. D. Roode.

SPORTREDAKTEURS ...... Mej. L. Grobbelaar. M. J. Strydom.

VARIAREDAKTEURS ...... Mej. L. du Plessis. S. P. B. Buys. W. van der Ahee.

SPOTPRENTTEKENAAR ...... J. M. Smith.

FOTOGRAAF ...... P. Thiel.

## ADMINISTRASIE

VOORSITTER ......A. S. Hechter.

LEDE

Mej. B. Smit, Mej. M. Stoker, Mej. L. Coetzee, H. Harmse, J. L. Steyn, H. van der Walt, J. M. Bothma, H. van der Westhuizen, J. C. Coetzee, H. J. S. Swanepoel.


# SPEEL OM TE WEN

Waarom gaan u Saterdag met U.O.V.S. op die sportvelde kragte meet? Is dit om te speel terwille van die spel, of vir gesondheid, of vir 'n goeie sportmangees, of slegs vir ontspanning, of vir die toeskouer? Wie sonder aarseling hierop „JA" antwoord is beslis (met apologie aan A. G. Visser) 'n kluisenaar of 'n optimis.

Kom ons beweer: **Ons gaan speel om te wen, ongeag hoe, want die doel heilig die middel.** Nou kry vuishoue, 'n hokkiestokmerk op die maermerrie en 'n nodige skelwoord op die regte tyd eervolle plekke en kan 'n rewolusionis uit die laat 18de eeu in Frankryk 'n opgesweepte toeskouer word.

Nee, terwille van diegene wat tot dusver 'n meer edele opvatting van sport gehad het moet ons bewering so 'n bietjie gewysig word en lui: **Ons gaan speel om te wen, ongeag hoe!** Die middels wat nou aangewend word hoef nie p e r s e vuil te wees nie. Terwille egter van diegene wat die stelling met wantroue sal bejeën omdat dit geen waarborg bevat dat die „ongeag hoe" alle vuil metodes uitsluit nie moet ons dit nog verkort en beweer: **Ons gaan speel om te wen!**

**Speel volgens reëls, speel hard, speel skoon, en speel om te wen. Dan voel nie alleen u ondersteuners gelukkiger nie, maar die pers gee groter publisiteit aan u en daardie eerlike wenpunt bewys bo alles 'n diens aan u Alma Mater.**

L. S. v.d. V.


## EXCELSIOR MEUBELS

**Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743**

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**

**ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.**


## Oordenking

# Die Uitnodiging Na Die Dans

**„Maar daar sal boskatte lê, en hulle huise sal vol uile wees; en volstruise sal daar hou, en veldduiwels daar rondspring. En wildehonde sal huil in sy kasteel en jakkalse in die vreugdepaleise; en naby is sy tyd om te kom, en sy dae sal nie verskuif word nie."**

**— Jes. 13:21, 22.**

Het u al die bostaande plakkaat van die dans gesien?

Weet u al van die pragtige saal?

Het u al gehoor van die orkes wat kom met sy saksefoon en sy drom?

Gaan u meedoen aan die verfynde vrolikheid wat die beskaafde wêreld bied? Die plesier wat wild deurdans tot twaalfuur toe?

Daar is 'n groot dans aan die kom! So hoor ons Jesaja die inwoners van Babel en daarmee ook al die wellustelinge van alle lewe toeroep.

Babel sal weer daar kom dans tot middernag toe, want dis altyd middernag. Babel sal ook nie hoef te vlug vir die moreskemering nie, want die son is duister by sy opgang. Babel sal weer die wildvreemde mense van heinde en verre sien kom. (Net Jesaja noem hulle boskatte). Babel sal weer die mense van die nagtelike lewe sien. (Jesaja kenskets hulle as die uile). Soos gewoonlik sal daar die lae tipe wees, die inhaliges. (Jesaja noem hulle weer die volstruise.) Babel sal weer die bekende geluid van die saksefoon en die drom hoor. (Jesaja spot seker maar net as hy praat van die gehuil van die wildehonde en die jakkalse). Ag, die geskuifel van die voete sal ook gehoor word. (Die ortodokse Jesaja praat nou wel van die veldduiwels wat daar sal rondspring).

Jesaja is tog seker nie ernstig met sy woorde nie?

Tog . . . is dit waar!

Die plesieroorde van Babel en van hierdie beskaafde kultuurwêreld sal eens die skougrond word van 'n helse verlatenheid. Op die dansvloere sal boskatte en wildehonde rondhardloop.

En waar sal die mense wees? In die gees teenwoordig met 'n oneindige verlange om mee te doen aan die plesier waaraan hulle so gewoond is, maar hulle kan nie . . . **hulle het geen liggame nie** . . . en dit terwyl daar 'n ander fees gevier word. 'n Bruilofsfees — die Bruilof van die Lam en die wat eens so verag was in die wêreld, die sagmoediges van gees, die gelowiges. Ja, die Lam tree in die huwelik met hulle wat Hy met Sy eie bloed losgekoop het!

Wat gaan u bywoon, die dans . . . of die bruilof?

F. N. LION-CACHET.

## KORT EN KRAGTIG

Niemand is so vol geheime as hy wat nie van plan is om hulle te bewaar nie.

* * *

**Ou liefdes, ou ideale en ou drome — soveel mooier is hulle, juis omdat hulle oud en verby is.**

* * *

Hoe onverklaarbaar is dit nie dat ons meer moeite doen om ons beste gevoelens te verberg as ons slegstes nie?

* * *

Liefde en skinderpraatjies? — die soetste suiker in die tee.

* * *

Een woord wat deurgehaal is in 'n brief, sodat dit onleesbaar is, boesem die ontvanger van die brief meer belang in as vier velle duidelike skrif.

* * *

As 'n klein bietjie kennis gevaarlik is, wys dan die man wat genoeg het om buite gevaar te verkeer.

## A.S.B. REëL TOER DEUR NATAL

Vanaf 25 Junie tot 11 Julie vind 'n binnelandse toer deur Natal, gereël deur die A.S.B., plaas. Die toergroep sal vanaf Kaapstad met die Stirling Castle na Durban vertrek. Op die pad word aangedoen by Port Elizabeth en Oos-Londen, waarvandaan uitstappies na die binneland gereël word. Vanaf Durban vertrek die groep per luukse bus na Pietermaritzburg, dan na Howick en oor Bergville na die Natalse Nasionale Park. Op Saterdag, 2 Julie vertrek die groep uit die park na Ladysmith, Newcastle, Volksrust, Wakkerstroom, Piet Retief, Mankaiana en na Bremers-dorp. Besoek sal verder gebring word aan die Havelock Asbesmyne en die Hluhuwe Wildtuin. Hiervandaan sal die groep oor Eshowe en die Tugela- en Umgenirivier vertrek na Durban vanwaar daar met die Pretoria Castle teruggekeer sal word na Kaapstad.

Die reisgeld bedra £55.15.0. Verdere besonderhede aangaande hierdie toer is verkrygbaar by die plaaslike voorsitter van die A.S.B., mnr. W. F. Steenkamp, of by die Direkteur van Toere, A.S.B.-Hoofbestuur, Huis Visser, Universiteit, Stellenbosch.

**PRESIDENT CAFE**

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS

and

- COOLDRINKS.

---

**OOSTHUIZEN**
**Kole-agentskap.**

Kerkstraat 70 — Telefoon 312

POTCHEFSTROOM.

## VREUGDEDAGLEIER SÊ DANKIE

Geagte Pukke, langs hierdie weg wil ek graag my hartlike dank aan u oorbring vir u samewerking en hulp om van Vreugdedag 'n sukses te maak. Ook 'n spesiale dank aan vlothoofde en vlotbouers vir u onvermoeide ywer.

Aan u Hoofbestuurslede ook my hartlike dank vir u samewerking met die organisasie van ons Jool.

Laastens wil ek Rembrandt-maatskappy bedank wat geen moeite te veel gevind het om ons te help nie.

Aan een en almal my innige dank.

(Leier).



# „Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

** Uit fabrieke in **al vier die provinsies,** kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A

# Toekenning van P.W. Buys-Trofee

Die Studenteraad het onlangs 'n besluit geneem oor die toekenning van die P.W. Buys-Wisseltrofee, by almal reeds bekend as die pragtige trofee wat deur Oom Piet Buys geskenk is. Die trofee is heeltemal uit hout gesny, en neem die vorm aan van die P.U.-wapen. Die trofee bestaan hoofsaaklik uit donkerkleurige Tambotiehout met 'n deel van die voetstuk gedraai uit Olienhout en die Vlamme van die kandelaar is gesny uit geel Seringhout.

Die oorspronklike plan was om die trofee uit te loof, in ooreenstemming met die beleid van die Studenteraad, wat nou meer gerig is op akademiese prestasie, aan die persoon wat hom op akademiese gebied die meeste onderskei. Weens die baie besware wat hierteen ontstaan het, is later aan die hand gedoen dat dit aan 'n groep persone gegee word, byvoorbeeld 'n koshuis, waarby die dagstudente dan ook ingedeel kan word. Hierteen bestaan egter te veel praktiese besware.

**KULTURELE TOEKENNING**

Op die jongste vergadering van die Studenteraad is dan besluit om die trofee uit te loof aan die groep persone wat hulle op die gebied van Kuns en Kultuur die meeste onderskei. Die Studenteraad sal nog volle beheer oor die trofee behou en sal dit alleen uitloof op aanbeveling van die A.B.K.K. Hierdeur word nie geweld gedoen aan die oorspronklike idee van die skenker dat die trofee onder beheer van die Studenteraad bly nie. Dit bied ook nou geleentheid aan seker die breedste massa van die studentelewe om erkenning te kry vir hulle dienste, 'n gebied waarop daar voorheen nooit erkenning gekry is nie.

# TERREINUITBREIDING

Daar word eindelik nou 'n begin gemaak met die uitlê van 'n behoorlike pad voor De Klerkhuis. Die werk met die pad voor Piet Groblerhuis is egter heelwat vertraag a.g.v. die feit dat die randstene wat die Universiteit self vervaardig, opgeraak het. Sodra hierdie twee paaie reggemaak is, en die teermasjien wat binne ses weke van oorsee af verwag word, aangekom het, sal dit geen groot werk meer wees om al die paaie netjies te teer nie.

Die parkeerplek langs die hoofgebou wat tans deur reënwater in 'n modderpoel omskep word, sal volgende aan die beurt kom, en daarna die paaie by die laboratoria.

Vanaf die 9de Mei is die ligte rondom die kampus getoets. Daar word oorweeg om die blou ligte van die biblioteek te verwyder. Die argitek is ook reeds genader oor vloedligte wat op die hoofgebou gewerp sal word i.p.v. die skamele twee gloeilampies wat op die oomblik die doel dien.

**NUWE DAK VIR HOOFGEBOU**

Omdat die teëls waarvan die dak van die hoofgebou gemaak is, a.g.v. ouderdom reeds in 'n sekere mate poreus geword het, en die balke ook begin skeef trek, gaan daar gedurende die Junie-vakansie 'n nuwe teëldak opgesit word. Heimat gaan ook 'n nuwe dak kry. Hierdie taak gaan die Universiteit egter nie self onderneem nie, maar tenders sal gevra word.

## AGTER DIE KATEDER

**Dr. Fourie:** "Jot down a few points".

**Dr. Venter:** „Dit is 'n brandend sobere gedig".

**Prof. Du Preez:** „Dames en here, wat wil dit sê??"

**Prof. Hattingh:** „Dames en here, as u deur die jaar werk sal u nie 'n senuweeineenstorting of wat-ook-al kry as die akkerbome bot nie."

**Prof. Labuschagne:** „Dis 'n puur menslike verskynsel."

**Prof. Davies:** "The second term is the hardworking term.

**Prof. Dekker:** „En so gaat't door".

**Prof. Kruger:** „Dames en here, dis die bakermat van die beskawing!"

**Prof. Postma:** „My liewe tyd mense — dis tog so erg eenvoudig!"

**Prof. de Klerk:** „Drie sulke dik bande — 'n kostelike werk!"

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**

DIE STUDENTEBEDIENERS.

**„Netheid en Kwaliteitswerk"**

**is ons Leuse.**

**Bedieners van Dames sowel as Mans.**

---

**„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"**

('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n

**FIETS aan te skaf.**

**C. v.d. MERWE**

**FIETSHANDELAAR**

**Kerkstraat 92, Potchefstroom**

# *Van Studenteraadswee*

Die S.R. het dit sy plig geag om 'n oomblik koppe bymekaar te sit met ons geagte eerstejaars. So is hulle op die aand van 4 Mei net na Sing-Songs daarop gewys dat die seniorstudente van ons inrigting dit met leedwese oordink dat hulle bestaan eintlik nie geregverdig is op die terrein van ons bewegings nie, vanweë die belangrike ignorasie waaraan hulle stelselmatig onderwerp word deur die genoemde eerstejaars. Verder is hulle ook daarop gewys dat die rookwalms gedurende die sangoefeninge nie goed is vir die syn en welsyn van die vaders en moeders nie, dat die afgelope Brosjure-eksamen 'n jammerlike openbaring van 'n Toccelliaanse lugleegte m.b.t. die breinlokale was en dat die ontvange kollektelyste met die oog op Vreugdedag feitlik soortgelyke vacuum openbaar het. Met goedgelugte gemoedere het die S.R. die hoop uitgespreek dat die aktiwiteite met Vreugdedag die seniores daartoe sal bring om 'n ander oordeel te oorweeg in hulle samelewing met vanjaar se beginners.

## KLEURREëLS

Die S.R. wil langs hierdie weg 'n baie vriendelike dog ewe dringende beroep op alle draers van ons kleure doen om hulle weer eens baie goed op hoogte te stel met die reëls wat daaraan verbonde is. Dit het reeds by twee geleenthede gebeur dat die S.R. tugmaatreëls moes toepas. In die gevalle het die studente die kleurbaadjies op Sondae gedra. Dit mag onder geen omstandighede nie. Ons moet ons selfdissipline openbaar om ons kleure in ere te hou!

## KNOOPSGATWAPEN

Van S.R.-weë word u moed ingepraat met die finale goedkeuring van die vooraansig van die wapen. Omdat die oorgang na nuwe formate in ons wapen so 'n hoogsbelangrike saak is doen die S.R., in samewerking met Wes-Tvl.-sportwinkel sy bes om 'n mooi wapentjie nog vanjaar aan u te verseker.

## INTERVARSITY

Pukke, die intervarsity lê vir ons voor die deur! Ons het alreeds 'n voorsmaak gehad van die lieflike trots wat daar opgesluit kan lê in elkeen van ons se hart as die spanne hard werk en die ondersteuners hard skreeu. Normaal sowel as die Tukkies het agtergekom dat dit nie raadsaam is om die Pukke binne trefafstand van die pale te laat kom nie. Soveel ander spanne hier ter plaatse moes agterkom dat die Pukke maar 'n geringe kans nodig het om te wys waartoe hulle in staat is. Die S.R. wil alle sportmanne sterkte toewens met die oefeninge en die voorbereidings. As daar van ons gesê kan word dat ons die geheim ken om 'n kragmeting soos hierdie in 'n mooi studentegees te laat geskied, kan al die puntetellings van die wêreld ons nie oortuig dat ons 'n mislukking van die intervarsity gemaak het nie. Mag alles wat vooraf gaan en alles wat agternakom ewe aangenaam wees!

**Ph. C. SNYMAN,**
(Voorsitter, Studenteraad).

## DIAMANTE VOLOP OP PUK

Al was die vakansie maar bra kort, en al is dit nou al 'n hele tydjie verby, begin ons nou eers die vrugte sien wat dit afwerk. „Die Wapad" het die groot plesier om die volgende mense baie hartlik geluk te wens met hulle onlangse verlowings:

Mnr. Fanie Minnaar en Juffrou Truia Snyman;

Mnr. Frans de Bruyn en Juffrou Annelene du Plessis;

Mej. Trynie Eksteen en Mnr. Johan Viljoen;

Mej. Joan Auccamp en Mnr. L. de Jager.

## OORSESE KONSERTTOER VAN A.S.B.

Gedurende die eerskomende somervakansie vind daar 'n oorsese konserttoer van A.S.B.-lede na Wes-Europa plaas. Die toergroep sal bestaan uit twee reisouers, 'n regisseur, 'n toerleier, en 21 studente (nie noodwendig musiekstudente nie.).

Indien daar enigeen van die plaaslike A.S.B.-lede is wat in hierdie toer belang stel, kan hulle in verbinding tree met die plaaslike A.S.B.-voorsitter.

## VAN DIE REDAKSIE



Ons Huis 25,
P.U. vir C.H.O.,
20 Mei 1955.

Geagte lesers,

Langs hierdie weg wil die redaksie 'n hartlike welkom toeroep aan al ons besoekers wat vandag en more, nie alleen op die spotrveld nie maar ook langs die sportveld, teen ons kom kragte meet. Ons wil die hoop uitspreek dat hulle hierdie twee dae van kragmetings terdeë sal geniet en, wen of verloor, 'n aangename tydjie hier sal deurbring.

Aan ons eie spelers en spanne wens ons baie sterkte toe en wil ons die hoop uitspreek dat ook u die Intervarsity verfrissend sal vind na die afgelope tyd van swoeg en sweet met die toetse.

Laat ons aan die buitewêreld toon dat ons nie net speel om te wen nie, maar dat ons speel ter wille van die sport as sodanig. In die verlede is daar nog altyd getoon dat die sportmangees tussen ons twee Universiteite van hoogstaande gehalte was. Mag dit hierdie jaar weer die geval wees.

Aan al die spanne, beide van U.O. V.S. en P.U., wens ons alle sterkte en sukses toe.

**M. J. STRYDOM,**
**(Hoofredakteur).**

Iemand wat ideale en ambisie het bejammer homself en iemand wat nie ambisie of ideale het nie, word deur ander bejammer.

* * *

Ons kan die volmaaktheid nie alleen bereik nie; ons kan ons selfs geen floue voorstelling daarvan maak nie

## EETSAAL IN VOORUITSIG

Die planne vir die nuwe dameseetsaal tussen De Klerkshuis en Piet Grobler-huis, het uiteindelik gekom, en hopelik sal daar spoedig met die aanbou van hierdie belangrike gebou 'n begin gemaak word. Soos verneem word, sal daar direk vanuit De Klerkshuis 'n gang na die eetvertrek, wat ongeveer 350 persone kan bevat, gaan. Daar is ook 'n groot en gerieflike kombuis en strykkamer in die plan Die huidige eetsaal en kombuis sal dan verander word na kamers om sodoende nog meer dames te huisves.

## KORT EN KRAGTIG

Die enigste verskil tussen goed doen en kwaad doen is die rus of onrus in die gewete, die moeite bly dieselfde.

* * *

'n Verstandige man — hy koop vir sy vrou sulke fyn skottelgoed dat sy hom nooit sal toelaat om dit te was nie!


**W. J. SPAVINS & SEUN**
vir alle
***Elektriese Benodighede***
**KOELKASTE • RADIO'S**
**Kerkstraat 65 — Potchefstroom**

DRINK en GENIET . . . . . .
**S & S**
**Super Dilla**
**en**
**Super Orange**
•
**Sherr & Shakinovsky**
AUTOLAAN,
POTCHEFSTROOM.
Telefoon 16.

Vir bevredigende diens . . . . !
besoek
**DIE LOKALE HAARKAPPERS**
**KING'S HOTEL-GEBOU,**
**Kerkstraat 158 — Telefoon 902.**
**POTCHEFSTROOM.**
Eienaar: P. W. Taljaard.

**BLITZ! . . .**
**DROOGSKOONMAKERS.**
•
**Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!**

*Beyers Claassen* FOTOGRAWE — Nou ook te Kerkstraat 84 - - Foon 45
Kom Kyk na ons Uitstalling van KAMERAS

# PUK-KAPTEINS SÊ HULLE SÊ

## Kovsies sal moet wakker loop

Uit die verskillende boodskappe wat van die kapteins van die P.U.-spanne aan die Kovsies gerig, ontvang is, blyk dit dat bykans al die kapteins heel optimisties oor die kanse van hulle spanne teen die besoekers is. Hier en daar word daar dan ook sommer heeltemal reguit aan die Oukies gesê dat hulle in hulle spore sal moet trap en baie versigtig te werk sal moet gaan wanneer hulle die sportveld opdraf om kragte te meet teen die Pukke.

Hoeveel waarheid daar in die „groot brag" steek, sal ons nog moet sien, maar een ding is duidelik: **Die hare gaan waai!!**

Oordeel nou maar vir uself as u die volgende boodskappe deurgelees het:



Dewey de Wet, Voetbalkaptein

## RUGBY

Welkom hier in Pukkieland met al julle rugbyspanne en ondersteuners, Kovsies. Ons sien geweldig baie uit na hierdie kragmeting veral omdat dit ons enigste intervarsity van die jaar is.

Julle kan dus kwaai teenstand verwag van die vier rugbyspanne wat julle hier gespanne inwag. Ons eerstespan is baie lig **maar in 'n Intervarsity sien ons kans vir enige span** — en dan gebeur ook baie dinge! Ons tweedespan is aan die brand vanjaar en Dick Hauptfleisch en sy manne sal moeilik geklop word. Die onder-negentienspan is meestal nuwe kêrels maar hulle is reg vir julle.

Wat ookal gebeur met die uitslae, hoop ons dat dit 'n „hooge" Intervarsity sal wees. Mag die rugbywedstryde gespeel word in die gees wat 'n lekker Intervarsity eie is.

**Sukses en Sterkte!**

**DEWEY DE WET,**
**(Kaptein).**

## TENNIS

Dit is met geesdrif dat ons vanjaar uitsien na die tennisspel teen U.O.V.S.

Daar is reeds baie hard en intensief geoefen om ons in sodanige puik toestand te bring vir hierdie hoofwedstryd van die jaar.

Die P.U. beskik vanjaar oor 'n span wat vergelyk kan word met die beste wat die Universiteit ooit opgelewer



Dawie du Plessis, aanvoerder van die tennispan

het. Daar het heelwat nuwe talent bygekom en ons glo dat as daar ooit 'n span sou wees wat U.O.V.S. tot oorgawe sou dwing, dit die span van vanjaar is.

Die dames beskik weer eens oor die twee staatmakers, **Mevv. Van Rooy en Papendorff** wat reeds presteer het op die tennisbane van Wes-Transvaal.

Dit is vir ons erns om vanjaar alles in die stryd te werp om die louere vir die P.U. in te oes.

**D. DU PLESSIS,**
**(Kaptein).**



Therese van der Merwe, kapteine van die Dameshokkiespan.

## DAMESHOKKIE

Welkom Oukies! Ons sien uit na die wedstryd, en hoop dat julle dit net so veel as ons sal geniet!

THERESE v.d. MERWE,
(Kapteine).

* * *


## KORFBAL

Oukies, ek kan maar net in alle beskeidenheid noem dat ons Pukke 'n eeue-oue tradisie het om te handhaaf, en verder — ons het nog nie daardie Netbal van verlede jaar vergeet nie, hoor!

In alle geval, baie sterkte Oukies, en laat ons die goeie gees van die verlede handhaaf. LIDIE BEKKER,
(Kapteine).



Lidie Bekker, kapteine van die korfbalspan.



Piet van Wyk, aanvoerder van die Manshokkiespan.

## MANSHOKKIE

Aan al die hokkiespelende persoonlikhede van U.O.V.S. — hartlik welkom! In die eerste instansie wil ek net die waarskuwing rig dat julle julle nie blind moet staar teen die vriendelike ,welkom' nie. Op die veld sal julle met 'n span te doen kry wat alles behalwe vriendelik is en wat met geen beter woord as ,gedetermineerd' beskryf kan word nie.

Ons is nie in so 'n bevoorregte posisie, soos julle, om al ons ou staatmakers terug in die span te hê nie, maar met manne soos **Jack** en **Bern** om die toon aan te gee en ewe gewillige leerlinge in **Johan, Christie** en **Sampie** sal ons die wêreld vir julle warm maak — dit is nou nie altemit nie.

As julle reken dat die ander manne ,small fry' is dan moet julle weer gaan stokwerk oefen, want dan slaan julle die bal ver mis. **Gert** kan nie ingehardloop word nie, en om 'n bal by **Horst** af te neem, of om 'n doel te skiet as **Hessel** in die gat is, is 'n onbegonne taak.

**Weer 'n waarskuwing — moenie reken dat ek besig is om myself en die span as geheel moed in te praat nie, of 'n groot-,brag'-streek kwyt te raak nie — verre daarvandaan.**

Aan die neerlae in die verlede en die onbesliste stryd van verlede jaar wil ons nie graag terugdink nie. Indien wel, dan net in so 'n sin dat ons daarin aansporing soek tot groter dade.

Die beste beskrywing, wat ek in staat is om van die eerste Manshokkiespan van die P.U. te gee, is naamlik: 'n jong span met die gees en durf om **hokkie** en bo alles **wenhokkie** te kan speel.

Mag die beste span wen.

**P. VAN WYK,**
**(Kaptein).**


**CACHET MODES**
TOMSTRAAT 56A
**Dames kom vir al u benodigdhede hierheen**
TEL. 1389

**NOORDBRUG**
**Kontantwinkel**
(Eienaar: A. G. Botha).
LANGS N.B.-POSKANTOOR
**Vir Kruideniersware, Skryfbehoeftes lekkers, sigarette en Toiletware.**

# OUKIE-KAPTEINS LAAT NIE OP HULLE WAG NIE

## „Julle sal moet vasvat, Pukke!"

Op die vorige bladsy het ons gesien hoedat die Pukkapteins groot praat oor hulle onderskeie spanne. Die Oukies het egter nie op hulle laat wag nie en op versoek van die redaksie van die „Wapad", het mnr. Hennie Erasmus, die hoofredakteur van die „Irawa," die studenteblad van die U.O.V.S., die kapteins genader en hieronder sien u hoedat ook hulle grootpraat oor hulle spanne. As 'n mens die verskillende boodskappe so deurlees, kan jy slegs tot een gevolgtrekking kom en dit is dat die hare vandag en more letterlik gaan waai op ons sportvelde.

### EERSTE RUGBYSPAN

Andermaal is dit weer Intervarsity en vanjaar kom ons weer, soos die afgelope jaar, met spanne wat mooi en oop, ware studenterugby speel.

Ek hoop dat dit weer soos in die verlede 'n aangename Intervarsity sal wees wat in die regte tradisionele studentegees afgespeel sal word.

My beste wense dan aan al die spanne wat gaan deelneem en mag die uitslag in die beste span se guns wees.

B. KRUGER, (Kaptein).

* * *

### DAMESHOKKIE

21 Mei 1955, 'n dag waarna al die Kovsies al lankal uitsien. Is dit dan nie die dag waarop ons vir die Pukke gaan wys hoe om hokkie te speel nie! Ons kan julle verseker dat ons vas van plan is om aanskoulike en skoon hokkie te speel. Wat talent betref het ons hierdie jaar vanuit die hoogste rakke, onder andere 'n Protea-speelster! Ons hoop dat die wedstryde in 'n goeie gees gespeel sal word en dat die toeskouers sowel as die speelsters dit sal geniet. Groot belangstelling in hokkie is hierdie jaar aan die dag gelê. Ons het drie spanne in die plaaslike liga en ons sal graag wil sien dat aldrie hierdie spanne aan die Intervarsity sal kan deelneem.

DAVINA SMITH, (Kapteine).

* * *

### JUKSKEI


Dit is weer eens intervarsity, en afgesien van die treinry en sy noodwendige gevolge, gaan daar weer jukskei in die ware sin van die woord gespeel word.

**As ons praat van jukskeispeel, dan bedoel ons dit. Ons is van plan om die Pukke vanjaar te wys hoe jukskei gespeel moet word, en hoe eenvoudig dit werklik is om te voorkom dat die pen wortels skiet in die grond.**

Onder die eerstejaars het ons goeie talent ontdek, om nie eens van die ou staatmakers te praat nie.

Daar sal weer jukskei uit die boonste rakke te sien wees, en alhoewel Potch soms gedugte teenstanders kan wees, is ek vas oortuig dat hulle harde bene gaan kou. Ek wil ten slotte die hoop uitspreek dat ons 'n baie aangename intervarsity sal hê, en terselfdertyd aan al die Boere alle sukses toewens!

BOET PRETORIUS, (Sekr., Jukskeiklub).



Bennie Kruger, kaptein van U.O.V.S. se eerste voetbalspan.

### DIE SEKKIES

Net soos in die verlede is daar weer 'n gesonde gees onder die manne van die „Sekkies". Harde samespel is weer eens 'n kenmerk van hierdie vyftiental en hulle het tot dusver vanjaar bewys gelewer dat hulle baie moeilik geklop gaan word.

Daar is weer 'n hele paar van verlede jaar se staatmakers soos **Kam Steyn, Frans du Toit** en **Malan van Zyl**, terwyl manne soos **Koos Snyman** en **Willie Wilken** — vars uit die onder 19 — meer as hul man kan staan.

Ons kan net vir julle sê dat julle vanjaar sommer weer baie harde bene gaan hê om te kou!

GUSTAV KEYSER. (Kaptein).

### ONDER-19

Nou, Pukkies, die U.V. se onder-19! Bang wil ons julle nie praat nie, beslis nie! — Bang en verslae sal ons julle speel! Ons besef julle is dubbed reg vir ons, maar . . . beslis is ons en baie vasberade om verlede jaar se uitslag te herhaal. Hierdie keer net baie deegliker om vir eens en vir altyd ons meesterskap te toon! Weliswaar is die geharde ou veterane ietwat uitgedun, maar met agt Vrystaatspelers sien ons kans vir die beste, die hardste, wat ons weet, julle ons sal gee! Tot die 21ste dan, Pukkies . . .

T. BOTHA, (Kaptein).

* * *

### MANSHOKKIE

Nuwe bloed, gemeng met ou, beproefde bloed, het reeds getoon dat die U.V. se manshokkie hierdie jaar tot groot hoogtes gaan uitklim. 'n Prysenswaardige saambindende spangees met die klem op skoon en aanskoulike spel het reeds lof aan ons spanne besorg.

En waar ons spanne gestu word deur 'n onkreukbare trougevoel aan ons geliefde Alma Mater, sien ons uit na die komende intervarsity en die oorwinning wat ons gaan behaal!

Ons vertrou dat die wedstryde in dieselfde goeie gees van die verlede gelewer sal word en dat Pukkies darem teenstand aan ons Kovsiesspanne sal kan bied. Intussen slyp ons ons tande vir jul en droom oorwinningsdrome.

Sterkte Puks, julle sal dit beslis nodig hê!

ANDRE DE WET, (Kaptein).

* * *

### KORFBAL

Wel Pukkies, ons sien al baie lank uit na die dag dat ons mekeer weer van aangesig tot aangesig op die veld gaan ontmoet, en ons julle gaan wys hoe die spel gespeel word. Met 'n goeie span is ons vanjaar van plan om hard te speel — Dus, sterkte Pukkies!

INA NEL. (Kapteine).

* * *

### TENNIS

Wel Pukkies, ons is bly dat die tyd vir ons jaarlikse kragmeting weer aangebreek het; ons sien baie uit daarna!

Wat ons dames betref, is die span feitlik dieselfde as verlede jaar, met een of twee uitsonderings, en dit voorspel vir julle alleen onheil, soos verlede jaar se uitslae sal aantoon.

Ons mansspan verskil heelwat van die van verlede jaar, maar dit wil nog nie sê dat hy swakker is nie. Die kêrels is almal ywerige en belowende spelers, sodat ook hier, soos in die verlede, vir julle groot teëspoed wag.

Ons hoop ons sal 'n baie aangename wedstryd hê, en dat dit weer in dieselfde goeie gees van die verlede afgespeel sal word. Die Kovsies is reg vir julle!!

POKKIE SMIT, (Kaptein).

**QUEEN'S HOTEL**

**. . . . . . vir al u dinees!**

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

Pukke, daar is geen beter plek wat betref diens!

**J. P. van der WALT APTEEK**

Kerkstraat 111 — Potchefstroom.

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**PRO REGE-PERS Boekhandel**

en

**Antikwariaat.**

vir al u

Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.

Kerkstraat 59 — Telefoon 1154

# SKAAKRUBRIEK

In die vorige artikel was dit vir ons duidelik dat Paul Keres 'n besondere knap speler is. Hy het egter ook 'n hele paar keer sy moses teengekom. Ons gaan vandeesweek let op die spel van Alekhine, en om 'n idee van sy gehalte te kry, laat ons 'n spel tussen hom en Keres speel.

Wit: Dr. Alekhine, Swart: P. Keres.

Die opening is Ruy Lopez.

1. P-K4, P-K4; 2. Kt-KB3, Kt-QB3; 3. B-kt5, P-QR3; 4. B-R4, kt-B3; 5. 0-0, B-k2; 6. Q-K2. Hierdie is die aanvalsmetode van Worrall. Wit sal speel: Q-k2 en R-Q1 i.p.v. R-k1. Die voordeel hieraan verbonde is dat die Wit Koningin vanaf k2 groter druk uitoefen op swart se koninginskant.

6. . . . . . ., P-Q kt4; 7. B-kt3, P-Q3; 8. P-B3, O-O; 9. R-Q1, Kt-QR3; 10. B-B2, P-B4; 11. P-Q4, Q-B2; 12. B-Kt5, B-Kt5; 13. P x KP, P x P; 14. QKt-Q2, KR-Q1; 15 Kt-B1, Kt-R4; 16. P-KR3, B-K3; 17. Kt-K3, P-B3; 18. Kt-R2, P-Kt3; 19. B-R6, B-B1; 20. B x B, K x B; 21. P-K Kt3, R x R skaak; 22. B x R, R-Q1; 23. P-QR4, Kt-QB5; 24. P x P P x P; 25. Kt.-Q5, Q-QKt2; 26. P-Kt3, Kt-Q3; 27. P-QB4, P x P; 28. P x P, B x Kt; 29. KP x B, Kt-Kt2; 30. Kt-Kt4, Q-K2; 31. B-B2, KKt-K1; 32. P-R4, P-K5; 33. Kt-K3, Q-K4; 34. R-R7, K-KT1; 33. Kt-Kt4, Q-Q5; 36. B x P, P-B4; 37. Kt-R6 skaak, K-R1; 38. B-B2, Q-B3; 39. Q-K6, Q x Q; 40. P x Q, R-B1; 41. Kt-B7 skaak, Kt x Kt; 42. P x Kt, Kt-Q3; 43. B-Q3, K-Kt2; 44. P-B8=Q skaak, K x Q; 45. R x P, K-Kt1; 46. R-Q7, Kt-K1; 47. P-R5, P x P; 48. B x P, R-R1; 49. B-K6 skaak, K-R1; 50. R-Q5, Kt-B3; 51. R x P, K-Kt2; 52. K-Kt2, R-R7; 53. B-B5, R-R6; 54. R-B7 skaak, K-R3; 55. R-B7, R-R3; 56. P-B4, P-R5; 57. P-Kt4, Onttrek.

Wit bedreig P-Kt5 skaak en Swart mag sy Ridder nie skuif nie want dan R-R7. Skaakmat. 'n Uiters moeilike spel .

Ingestuur deur

**N. F. LAUBSCHER.**





**Mnr. T. v.d. Walt (links) en mej. Edna Kruger, twee van die P.U.-sprekers wat vanaand tydens die debat sal optree.**

# WÊRELDGEBEURE

Op die laaste sitting van die V.V.O. (verontregte vroue organisasie) het die vergadering die volgende mosies met 'n oorweldigende meerderheid aangeneem:

1. Iemand is afgevaardig om die tokkelokke in hulle finale jaar te waarsku teen die vreeslike lot wat so baie van hulle goedsmoeds met diamante koop. (Sterns doen goeie besigheid na verneem word!).

2. Almal wat aan Pretoria geskakel word (d.w.s. dames) met diamante, soortgelyke bande, skakels, oorringe, neusringe, vingerringe en sulke pynbanke, sal weens hoogverraad aangekla word. Die skuldiges hier was Eine Treksteen en Ou Joancamp.

Die V.V.O. was ook ontstoke oor die ongewenste gees wat in die vroueland opgedoen is gedurende die afwesigheid van ons Eerste Minister. 'n Deputaat van die vesting oorkant die straat, het 'n onverwagte aanval op die V.V.O. se lede gemaak en ons gewond en oorstelp nagelaat. Geen gemenespel word egter vermoed nie.

Uit betroubare bron is aan die sekretaresse van die V.V.O. ook verneem dat Stita Neenkamp oor haar verbittering is, maar weens haar nuwe konneksies met Pretoria, sal sy ook skuldig bevind word aan hoogverraad.

'n Sterk persoonlikheid het altyd skerp afgetekende grense. Hoe ruimer die mens, des te vaer en onbelangriker is hy.

# Eusopus se „Skietparade"

Skamerig kruip ek om die hoekie. Met pote plat van benoudheid en angstigheid sluip ek soetjies op die voordeur af. Siek van angs soek ek na die klokkie en nadat ek byna 10 minute met myself geredeneer het, raak ek hom met die voorvinger aan. Wat 'n skok!! Daardie skril geluid gaan my nog 'n senuinstorting laat kry! Sal ek nie maar nou spore maak nie? Net moed en selfbeheersing hou my voete stil en stewig op die grond. Ek gee hakkerig en stotterig, rooi van skaamte, my bestelling aan 'n skattige mooi dametjie. Nou dreig my hart om soos 'n Tjol Lategan tussen my tande dur te glip maar ek byt vas! Keer op keer herhaal ek die ou vraag-sinnetjie maar toe ek haar sien toe vergeet ek alles. Skaapagtig en verdwaas staar ek die allerliefklikste dingetjie op die aarde aan. Toe ek haar verleentheid sien proes ek 'n slag verleë en weer eens neem my gedagtes soos 'n rukkerige dieselenjin konkrete gestalte aan. Wat sal ek hoor?

„Ek sal saam met jou gaan. Ek is gelukkig nog nie geskiet nie." So soepel soos 'n besemstok en so lig soos 'n veertjie glip ek met 'n allervriendelikste groet, vol liefde, daar weg. Vandag is die gelukkigste dag in my lewe!

Met onverbloemde liefde en ywer nader ek die volgende aand die dameskoshuis. My tande is blink gepoleer en my hare lê asof 'n koei dit plat gelek het. Met ongekende moed en mannekrag bestyg ek die trappies. Ek laat haar roep. Mense! Vanaand gaan daar dinge uitbroei; as 'n hond nog nooit hare gehad het nie gaan hy dit vanaand kry! Hoopvol en met 'n ellelange glimlag staan ek al nader toe ek haar kammie sien.

Wat!! Nee, liewers dood maar nie dit nie!! Die aarde begin draai en die pilaar tree met soveel onbaatsugtige ywer nader dat ek net sterretjies sien.

SY IS GEHEK!!

So word gelukkige vergesigte verwoes en vernietig. Kan die koshuisowerhede nie nou maar 'n meer oorspronklike strafmiddel uitdink nie?

## KORT EN KRAGTIG

Ek, wat van nature beskeie is, merk telkens weer dat die wêreld om my sig nie rekenskap gee nie van hoogmoed wat die kern van alle beskeidenheid vorm.

* * *

Die verstandige is besig as hy niks doen; die onverstandige doen niks as hy besig is.

* * *

Die woord „wêreld" is soos 'n diep gat in die grond waarin ons al ons vuilis en afval gooi.

* * *

Wat mense gemeen het is die laagste funksies; wat hul onderskei is die hoogste.

* * *

Goeie oë is oë wat sien wat onsigbaar is.

* * *

Ek het nog nooit 'n teenstander ontmoet met wie ek so verbete oneens was as met myself nie.

* * *

„Ich bin wie eine Uhr die sich jeden Tag immer wieder von neuem richten muss weil sie jeden Tag immer wieder von neuen nachgeht."

* * *

Elkeen moet homself soek omdat niemand weet waar hy homself versteek het nie.

# Briewe aan die Redaksie

Uitspan,
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
19 April 1955.

Geagte Redakteur,

Dit is opmerklik. Verskeie vergaderings het ek bygewoon en daarna opgelet en meestal is dit oor die hoof gesien. Die mooi gebruik word gehandhaaf om 'n solis wat ter afwisseling in die program optree, te bedank. Egter word die ander bykomstigheid vergeet nl. die begeleier — dié word nooit bedank nie. Soms is die begeleiding 'n beter kunswerk as die solo self of maak 'n groter sukses van sy deel van die hoofaantrekkingskrag. Laat ons daaraan dink dat die begeleier 'n tweeledige taak het, nl. om die solis te aksentueer en om 'n harmonie te skep — soms nog om die solis se sekere swakhede te bedek soos ons by Marcel Wittrisch opgemerk het. Die begeleier is dus nie net daar om die solis 'n agtergrond te gee nie, maar vervul 'n eweseer belangrike taak.

Laat ons dan ook in ons bedankingsredes die twee kante van die een saak onthou.

Ek dank u vir plasing,

Die Uwe,

**JANSIE.**

'n Skeel slagter was eendag besig om 'n vark dood te steek. Die jong wat die vark vashou vra: „Steek baas waar baas kyk?"

Toe die slagter ja sê, los hy die vark en laat spat.

# *Christof Hanekom se Boodskap*

Ons groet die Pukke,

Dit is wanneer ons gaan intervarsity hou dat die ongedwonge pret ongekunstelde lewensvreugde wat eie is aan studentwees, tot volle ontplooiing kom. As die Pukke en die Kovsies dan oorgehaal is om met mekaar op sportgebied kragte te meet, dan sien ons soos altyd met die grootste opgewondenheid uit na 'n studentefees in die ware sin van die woord.

Om op die sportveld die oorlogskreet aan te hef teen die seuns en dogters van die Mooirivier het nog altyd vir die Vrystaters 'n groot bekoring ingehou. Omdat die U.V.-P.U. intervarsity altyd in 'n goeie sportmangees afgespeel word en omdat ons twee universiteite so baie in gemeen het, word ons baie opgewonde vir die harde maar aangename stryd wat voorlê. Ons weet dat ons die kragmeting gaan geniet en dit ly ook geen twyfel nie dat ons, ons bes gaan doen om u sportmanne soveel hoofbrekens as moontlik te besorg.

Namens die Kovsies wil ek u dan een en almal 'n baie aangename intervarsity toewens. Ons vertrou ook dat die vriendskapsbande tussen ons twee universiteite nog verder versterk sal word deur hierdie intervarsity. Saam gaan ons poog om van die 1955-intervarsity 'n grootse studentefees te maak.

CHRISTOF HANEKOM,
(S.R.-Voorsitter,
U.O.V.S.).



Christof Hanekom, Voorsitter U.V.-Studenteraad.

## KORT EN KRAGTIG

Skroom nie om jou foute te erken nie, want jou foute is van meer belang as die deugde van die „foutlose.”

* * *

Die spot van vriende kweek meer lafaards as die vyand se gevaarlikste afweerwapens.

## BESOEK VAN PROF. CALVIN GRIEDER

Op 26, 27 en 28 Mei word die Universiteit besoek deur Prof. Dr. Calvin Grieder, professor in opvoedkunde aan die Universiteit van Colorado, V.S.A. Hy sal vergesel wees van sy vrou en mnr. C. Kenneth Snyder, Amptenaar van Kulturele Sake van die Amerikaanse Ambassade.

Prof. Grieder sal twee lesings gee tydens sy besoek aan Potchefstroom. Die eerste vind plaas op 26 Mei vanaf 11.25 tot 12.30, en dit word gehou vir alle studente wat besig is met hulle finale jaar in die Diploma Opvoedkunde (U.O.D., U.L.O.D., Dipl. Huishoudkunde). Die tweede lesing wat bedoel word vir alle nagraadse opvoedkunde studente, word gehou op 28 Mei, om 9 vm.

## OP MET DIE HOM-POM!!

Hier vanuit die Suide roep ek alle Pukke op die P.U.-campus. Met die eentonige sekerheid van 'n nuwe Franse regering skuif die datum van die volgende U.V.-U.P. intervarsity ook al nader.

Wat die wedstryde betref voel ek net ek moet julle daarop wys dat ons Eerstespan verlede jaar slegs een klubspan in die stad nie kon klop nie — maar die span wel met die eerste wedstryd van die jaar geklop het. Verlede jaar het julle 'n pak van een-en-twintig houe gekry vir julle agt foutjies en die aanduidings is vanjaar dat julle 'n groter pak gaan kry.

**Vanaf die pawiljoen sal ons spanne ook soveel steun kry, dat hulle nie sal anders kan as om te wen nie. Die U.V.-massa gaan sing en raas met die gedonder van 'n Stalingradse slagveld wat die Pukke sal oorweldig soos 'n liefdesaanval in die puberteitsjare.**

Ek weet nie hoe julle dirigent lyk nie; of hy so klein is dat hy op 'n leer moet klim om gelyk te staan met 'n slang se skaduwee en of hy so groot is as die Magna Charta, hy sal stellig van dieselfde kaliber wees as sy voorgangers en daarom het ek geen vrese nie. Buitendien sal hy elke keer sy ondersteuners met 'n wortel moet lok om enigsins te balk . . . ek bedoel sing.

**Totdat ons die sakies kom oorneem groet ek julle met 'n egte Shimlaviaanse „Salaam” en dank julle byvoorbaat vir julle gasvryheid as ons Potchefstroom insak.**

STOFFEL PRINSLOO,
(Rasieleier, U.O.V.S.)

## KORT EN KRAGTIG

**Ai watter ontspanning is dit nie om verlief te wees nie! Dit laat die ou hart so fynweg pyn, dat jy, ja, nie 'n oog kan toemaak van die „lekkergeit” van die „seergeit” nie!**

* * *

Vir sommige mense is soen soos sop wat jy met 'n vurk probeer eet — jy kry nooit genoeg daarvan nie.

## DEBAT

Vanaand hou ons weer debat teen die U.O.V.S. Dan is die Intervarsity al in volle gang, en ons val as't ware maar net in by die program. Maar vir vir die ywerige debatteerders sal dit weer iets besonders wees wanneer alles in die weegskaal gegooi word om met die krag van die rede die opponente te probeer oortuig van die onhoudbaarheid van sy standpunt. En ons is die gashere. Nie dat dit enigsins afdoen aan die krag van ons argumente nie, inteendeel, met mense soos **Tjaart van der Walt, Edna Kruger** en **Paul de Bruyn** weet ons al klaar wie die pyp gaan rook, maar laat ons hulle met die gasvryheid, eie aan ons, ontvang en behandel, ook met die debat. Die onderwerp waaroor ons gaan debateer, is die wenslikheid van ontgroening al dan nie en ons meen natuurlik dat so 'n iets soos ontgroening — onwenslik is.

Ons hoop om 'n baie aangename aand saam met die Oukies deur te bring en om hulle van ons standpunt te oortuig. En mag hulle dan ook met baie aangename herinneringe aan die aand en aan hulle hele verblyf hier op die P.U. teruggaan.

E. J. SMIT,
(Voorsitter).



Erasmus Smit, Debatsvoorsitter


**DAVY ROBERTSON ATELJEES**
Vir die mooiste
PORTRETTE en RAME

**CORNER FRUIT STORE**
vir al u
- VRUGTE, LEKKERS,
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS.

VRUGTE en GROENTE.
Bekend van weë sy
UITSTEKENDE DIENS!!

**HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION.**
Kerkstraat 166 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
Voorradehouers van alle
Onderdele en bykomstighede
vir u Motor, Trekker, ens.

**I. GLASER—Juwelier**
NUWE ADRES:
vanaf 1 April
h/v. KERKSTR. en AUTOLAAN,

**A. T. LUKE & KIE.**
APTEKERS
Vir al u . . .
- Mediese en skoonheidsbenodigdhede
sowel as
- Radio en Elektriese Benodigdhede,
- Kiekies ontwikkel en afdruk.

Bus 29, Potchefstroom, Tel. 39

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**
vir alle
SPORTUITRUSTING en
SPORTBENODIGDHEDE.

# WENKE aan VOETBALSPELERS

Moet nie eerste aan die bal raak nie, wag tot die opponent dit doen. Trek dan los. Hy moet voorgekeer word, maar moet nie laagvat nie. Waarvoor is die trui se kraag dan daar? Lyfgooie en volstruiskoppe is ook heel doeltreffend. Maak egter die vernaamste verdedigingswapen die skouer. Sorg net dat dit met die trefslag so vier voet bokant die grond is. Om net skaap te vang, help nie veel nie. Die opponent se voet moet ten minste skouerhoogte gelig word.

Hou die voorspelers in die skrum styf vas. Moet nie bang wees om truie te skeur — in die winkel is nog baie. 'n Voetbalstewel se punt is baie hard. Hou dit in gedagte en maak ten volle gebruik daarvan. Verder moet die voorspelers met ten minste twee dae-oue baard speel. Net so 'n bietjie woel — en die opponent se gelaatskleur verskil wonderlik.

Wat afstamp betref — vingers pas mooi in 'n paar oë en so nou en dan 'n vinnige een op die oor of 'n konynkap is ook toelaatbaar. Om agterop te skop help om die vaart 'n maksimum te laat bereik en die moontlikheid om voorgekeer te word, word aansienlik **verminder.**

Verder — sterkte met die Intervarsity.

# Die Digters oor die Liefde

ELISE GEERTSEMA:

Kan geld of goed gelukkig maak?
Nee, liefde en liefde alleen.
Dit is die enigste ware band,
Dit maak twee harte een.

MARIETA DU PLESSIS:
(DES. 1954).

Visser op die golwe, Visser op die see,
Bring jy in jou bootjie my 'n boodskap mee?
Praat nie van jou angs, praat nie van gevaar,
Maak my nie beangs nie — waar's my liefste, waar?

F. W. DE KLERK:

Wie sit daar so laat alleen
By die watervoor en treur?
Hy merk nie dat dit donker word;
Hy hoor nie wat gebeur.

STOKER SNYMAN:

Ja, veertig dae agtereen,
En veertig nagte lank geween—
Dit is die rekord tot op hede.
Stoker probeer weer en weer
En slaag keer op keer
Maar nog is Sytie nie tevrede.

TURKSTRA BAKKERY

Raadpleeg ons vir . . .

- BRUIDSKOEKE,
- BROOD
en
- ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . . !

MOOIRIVIER-APTEEK

Kerkstraat 155,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.

Die Apteek vir Diens!!

Studente . . . !!
Vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS.

POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL
Kerkstraat 90 — Telefoon 497

# P.U. Landboutentoonstelling

Onlangs is aan die P.U. 'n „mooi" landboutentoonstelling gehou wat op waardige wyse deur sy edele, prof. Bosman, Minister van Lande, geopen is. In sy toespraak het die Minister ook die feit betreur dat daar so min kool aan die P.U. verbou word.

Vanaf die „Stalle van **Prof. Koeks**" is net een inskrywing in die pluimveeafdeling ontvang en wel in die afdeling vir **Kukuk-hane.**

Die „Stalle" het ook die beste slagvee opgelewer en die **spek** in hierdie afdeling, is 'n rekord tot op hede.

Tot ons spyt het die plaas Heimat soos gewoonlik niks opgelewer nie vanweë die droogte.

**Die Vleuelstoet het die kampioen rooipoenskopbul Gert II ingeskryf maar hy moes die louere deel met Koos I van mnr. D. du Plessis.**

Vleuel het ook die enigste wit volstruis ingeskryf by name **Jantjie.** Ons verstaan dat **Jantjie** heelwat voorkeur gee aan 'n swart wyfie van die plaas Klawerhof. Verder het Mnr. du Plessis die enigste mak renoster op die tentoonstelling gehad.

In die afdeling boerbokke het die ingevoerde Hollanse ram **Vos Venter.oon** die eerste prys behaal.

Die tentoonstelling is op hoë noot afgesluit deur die gesellige saamspeel van „derdemannetjie", boompie verplant" en „Ellie Rose".

# Knock-Knock

MUSIEKTERME:

Knock knock!
Who's there?
Fortissimo.
Fortissimo who?
Vort issie mouterkar

Knock knock!
Who's there?
Vivacer.
Vivacer who?
Wie wakker is moet werk.

Knock knock!
Who's there?
Adagio.
Adagio who?
Ek daag jou vir 'n tweegeveg.

Knock knock!
Who's there?
Fine.
Fine who?
Fien en ek is gekys.

Knock knock!
Who's there?
Volta.
Volta who?
Vol takke en blare.

# SO SIEN DIE DIGTERS HULLE

BETTIE LINDE:

„Habbakukiena, bly tog stil!
Ag, ma, hul vat my krokodil!"

ADRI V.D. MERWE:

„Eheu fugaces anni . . . sing
gedagtes wat nou skroei."

PEET DUVENAGE:

„Maar Gog-Magog met breë bors
Eet soet sy leviatanwors."

JOHAN V.D. VYVER:

„De Meester, in zijn Wijsheid, gist.
De Leerling, in zijn Waan, beslist."

JANSIE EN ALWYN DU PLESSIS:

„Boggom en Voertsek het saam gesanik
In die aand teen die vollemaan."

ARRIE V.D. WALT:

O, Diep Rivier, O Donker Stroom,
Hoe lank het ek gewag, hoe lank gedroom,
Die lem van liefde wroegend in my hart?
— In jou omhelsing eindig al my smart."

TWEEDEJAAR DAMES:

„De Spooken-Viertijd is voorbij."

JAN VISSER EN MARIETA DU PLESSIS:

„Hoe lank bly ons in hierdie kring
van jy en ek, van ek en jy?
Dit kring om jou, dit kring om my."

STOFFEL DE BEER:

„Nog 'n skuinse grappie, kêrels,
Nog 'n glasie wyn,
En die gore werklikhede
Sal in mis verdwyn."

KOOS HENDRIKS:

„Op my ou ramkietjie
Met nog net een snaar
Speel ek in die maanskyn,
Deurmekaar.

# Stel U Voor:

**Jurie Venter** — as joolkoningin.
**Vulletjie** — as Kersvader.
**Rooi Koos** — as 'n „lammer"-vanger.
**Hannes Venter** — as spookvanger.
**Tokkelok** — as veggeneraal.
**Swart Piet** — as 'n „Zulu-warrior".
**Spekkie** — as 'n stiervegter.
**Tafelberg v. Niekerk** — as 'n verkeerskonstabel.

W. A. VENTER

HORLOSIEMAKER • JUWELIER.

KERKSTRAAT 152, POTCHEFSTROOM.

FAHRIN VERLOOFRINGE

MAKLIKE TERME . . . . . . . GEEN DEPOSITO.

Alle soorte Reparasies! Alle werk gewaarborg!

S.A.N.L.A.M.


Word verteenwoordig deur

MNR. VENTER,

Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,

POTCHEFSTROOM

Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.




# Thalia voer nuwe stuk op

Die voorgenome toneel van Thalia, „Gif en Oujongnooiens", is deur die Senaat afgekeur en dr. T. T. Cloete het die drama van Labiche en Martin, **Mnr. Perrichon gaan op reis,** uit Frans vertaal vir die gebruik van Thalia. Die verhaal is kortliks soos volg:

Twee jong mans, Armand en Daniel, ding mee om die hand van Perrichon se dogter, Henriette; Armand soek die moeder en dogter se guns, Daniel soek die vader se guns — lg. is die beste daaraan toe deurdat hy weet hoe om die ou man se ydelheid te streel. Hy is egter minder erstig as Armand, wil nie soseer Henriette se hand verower nie maar beskou die mededinging met Armand eerder as 'n vermaaklike spel. Deurdat Perrichon die twee mededingers in 'n gesprek afluister, hoor hy hoe sy gunsteling, Daniel, hom agteraf beskinder. Dit lei daartoe dat Armand uiteindelik die stryd wen.

Dit is voorwaar 'n baie grappige stuk sonder om plat en banaal te wees, en as die nodige talent gevind kan word, beloof dit om uiters geslaagd te wees.

* * *

Alle berigte in hierdie uitgawe van die „Wapad" is opgestel deur die lede van die redaksie, nagesien en van opskrifte voorsien deur die hoofredakteur, en gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 17, Potchefstroom.

## JAN SCHUTTE WEN REDENAARS-KOMPETISIE

**Mnr. Jan Schutte** het die redenaarskompetisie van die Jeugbond van hierdie ring, wat onlangs op Klerksdorp plaasgevind het, maklik ingepalm. Baie hartlik geluk, Mnr. Schutte, ons hoop ook dat u die kompetisie wat binnekort op die Rand sal plaasvind, en waar u, soos ons verstaan, hierdie tak sal verteenwoordig, net so maklik sal wen.

## REGSVERENIGING KIES BESTUUR

Op die onlangse verkiesingsvergadering van die Regsvereniging is die bestuur as volg saamgestel:

**J. C. de Beer** (Voorsitter),
**W. I. Duvenhage** (onder-voors.),
**F. W. de Klerk** (Sekr.-Pgm),
**C. J. F. du Plessis** en
**D. J. Putter (Jnr.)** (addisionele lede).

Die nuwe bestuur het groot planne vir die jaar, en ons sien belangstellend uit na interessante ledevergaderings!

# Geslaagde Vreugdedag Agter Rug

Saterdag, 7 Mei, het die Pukke Klerksdorp en Stilfontein ingeval met vlotte, „Pukkies" en kollektebussies, en die Klerksdorpers en Stilfonteiners werklik goed laat deurloop. Die publiek het bygedra, en weer bygedra totdat een oom naderhand gesê het: „Juffrou, as ek al die geld wat ek ingegooi het kan terugkry, is ek 'n ryk man!"

Die keuse van Hans Christian Andersen se sprokies as tema, het veelkleurige vlotte laat ontstaan. Verskeie het dan ook 'n goeie kans gehad om die prys te wen, en so die beoordeling vir Mnr. en Mev. Styger bemoeilik. Die fyn afwerking van „Die Loodsoldaatjie", versorg deur Mnr. Tjaart v.d. Walt (jnr.) het hom egter eerste laat eindig. Kort op sy hakke was „Die Skip" van Mnr. Koos van Wyk.

Mnr. Jurie Venter het sy prys vir die beste gekostumeerde persoon, terdeë verdien. 'n Klein gevolgie het hom orals vergesel, en sy uitstekende toneelspel toegejuig sodat nog meer toeskouers opgedaag het. Selfs die gehardste Klerksdorper moes voor die sjarme van die veelkleuriggeklede Jurie swig, en die hand maar nog 'n keer in die sak steek.

Of die dag finansieël geslaagd was, sal ons nog uitvind, maar as Vreugdedag was dit wel!

**Bus 206** **Tel. 164 & 1167**
H/v. Wolmarans- en
Van Riebeeckstraat
**CENTRAL CASH STORE**
**POTCHEFSTROOM**
Vir **Vars Vrugte,**
**Groente,**
**Kruideniersware,**
**Damesuitrustings**
**Kombuisgereedskap.**
ONS IS DIE BILLIKSTE IN DIE DORP

**DIE BULT SKAATSBAAN**
**„Pukke, ondersteun ons vir aangename ontspanning!"**
**Open van 4 tot 5.30 nm. en vanaf 8 uur in die aand.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
**INGEVOERDE**
**en**
**KOLONIALE**
• **Wynsoorte**
en
• **Spiritualieë**

**Phone 369** **Foon 369**
**POTCHEFSTROOM**
For/Vir
**"SUNFROZE"**
**Roomys — Ice Cream**

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**
**Von Wiellighstraat 20,**
**VIR ALLE**
**KRUIDENIERSWARE,**
**HARDEWARE,**
**SIGARETTE, ens.**

**J. HEIDEMA**
**Vir**
**FIETSE**
**en**
**MOTORFIETSE**
**J. HEIDEMA**
**Kerkstraat 30,**
**(teenoor Geref. Kerk.)**
**POTCHEFSTROOM.**

**CACHET MODES [Edms.] Bpk.**
Open teen die tweede helfte van April te
**TOMSTRAAT 56A**
(Langsaan Sonskynkafee)
**Alle benodigdhede vir dames word teen billike pryse aangebied.**

**Schoonhoven Haarkappers**
**„Dames en Here Studente! . . . . "**
Hier is die adres van u Ned. gedipl. Haarkundige Haarkapper:
**Foon 1486.** **Eienaar: G. SCHOONHOVEN.**

MALAN MEUBILEERDERS
**S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,**
**POTCHEFSTROOM.**
•
**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

# TUKKIES LOOP DEUR

## Theos wen 12--6

In 'n wedstryd wat soms aanskoulike rugby opgelewer het, kon Theos op die 7de Mei daarin slaag om die sterk span van Tukkies met 12 punte (vier strafskoppe) teen ses( 'n onvervyfde drie en 'n strafskop) die loef af te steek. Die wedstryd het op die Loftus Versfeld-terrein plaasgevind en het gedien as een van die proefwedstryde vir die samestelling van 'n Noordelike Universiteite-span wat binnekort teen die besoekende Engelse toerspan kragte sal meet.

Die ligte pak voorspelers van die P.U.K. het veral goed gevaar teen dié van Tukkies. Die bal is gereeld in die skrums bemeester en **J. C. Strydom** het selfs talle kere die bal van die Tukkies se loskopkant gehak. Ook in die lynstane het die Pukke hulle goed van hulle taak gekwyt. Hier het veral **Ferdi van Zyl** reusewerk verrig. Die nuwe lynstaanreël het egter veroorsaak dat hierdie afdeling van die spel ietwat slordig was.

### AGTERLYN STEL TELEUR

**Die agterlyn van Theos het soms erg teleurgestel, veral as gevolg van die feit dat die bal nie gou genoeg uit die skrum gehak is nie. Verder het die Puksenter Jan de Wet sommer vroeg in die wedstryd 'n skouerbesering opgedoen en alhoewel hy nie die veld verlaat het nie, kon hy nie sy beste lewer nie. Die Tukkie-losskakel, Tys van Zyl, was op die koop toe ook nog die doring in die Pukke se vlees en het hy nie elke keer so lank aan die bal gehang voordat hy daarvan ontslae geraak het nie, kon die telling baie maklik in die Tukkies se guns gewees het.**

Vir Theos het **Lang Stoney Steenkamp** 9 punte met strafskoppe en **Klein Dick Putter** 3 punte met 'n strafskop ingesamel terwyl Tukkies se punte behaal is met 'n strafskop deur **Jack Cloete** en 'n drie deur **Zerwick.**

## NORMAAL GEKLOP

In 'n wedstryd wat gekenmerk was deur harde voorspelerspel, gebrek aan agterlynbewegings en vele beserings, het Theos onlangs daarin geslaag om in 'n ligawedstryd die span van die Onderwyskollege met 9 punte (drie strafskoppe) teenoor 6 (twee strafskoppe) te klop. Theos se nege punte is aangeteken deur **Lang Stoney Steenkamp,** die Pukke se agsteman.

## INTERVARSITY-PROGRAM

**VANDAG, 20 MEI:**

1.45 nm.: Tennis (P.U.-Bane).
7.30 nm.: Debat (Studentesaal).

**MORE, 21 MEI:**

8.00 vm.: Tweede Manshokkie (P.U.-Baan).
Tweede Korfbal (P.U.-Baan).
Jukskei (P.U.-baan).
9.15 vm.: Eerste Dameshokkie (P.U.-Baan).
10.15 vm.: Eerste Manshokkie (P.U.-Baan).
10.30 vm.: Derde Voetbal (P.U.-Veld).
Eerste Korfbal (P.U.-baan).
11.30 vm.: Tweede Dameshokkie (P.U.-Baan).

E T E N S U U R .

1.30 nm.: O/19A Voetbal (Olën-Park).
2.45 nm.: Tweede Voetbal (Olën-Park).
4.00 nm.: Eerste Voetbal (Olën-Park).

# Verrassende Oorwinnings vir Dameshokkie

Op die 30ste April het die eerste dameshokkiespan met 'n mooi verrassing voor die dag gekom. Tussen haelstorms deur het hulle K.A.A.A. se eerste span met 2 doele teen 1 geklop. Albei hierdie doele is deur **Marie Visser** aangeteken.

Hierdie dag was bepaald 'n gelukkige dag vir die Pukke want die „Benoudes" het K.A.A.A. se derde span, wat die sterkste span is in die tweede liga, kafgedraf met 4 doele teen 2. Rina Ludolff, 'n oud-Puk, het vir hierdie span regtervleuel gespeel en ook 2 doele aangeteken.

### NORMAAL KAFGEDRAF

Op 5 Mei het die eerstespan 'n pragtige oorwinning oor **Normaal I** behaal toe laasgenoemde span met vier doele teen twee kafgedraf is. Die ster van die wedstryd was ongetwyfeld **Jo Schoeman** wat o.a. drie van die doele aangeteken het.



**Selma van Schouwenburg, linkervleuel van die Dameshokkiespan.**

## MANSHOKKIE LEEF SWAAR

Nadat die eerste Manshokkiespan baie goed afgesit het in hulle eerste paar ligawedstryde, het hulle onlangs twee terugslae gehad toe hulle eers deur Klerksdorp 3-1 verslaan is en daarna met 'n gelykopbeslissing teen Goldfields-West (2-2) tevrede moes wees.

Die span kon egter in 'n vriendskaplike wedstryd daarin slaag om die sterk span van Potchefstroom-Dorp met drie doele teen twee te verslaan.

## JUKSKEI

Wel, dit is weer die tyd. Die intervarsity is weer op hande en soos alle ander spanne van al die verskillende sportklubs, is ook ons slaggereed.

Soos verlede jaar is ons reg vir U.O.V.S. Hulle het geen kans as 'n mens so let op die talent wat daar ons op die jukskei-bane na vore getree het nie. Net 'n paar name kan genoem word: daar is **Blikkies Blignaut,** 'n ou staatmaker van verlede jaar wat nie 'n skei gooi sonder om die pen laat spat nie. **Opperman** is vanjaar die eerste maal in ons geledere, maar hy weet waar die pen staan en hoe om daardie pen te laat omkantel. **Philip Kruger** is weer die kêrel wat nou weet waar om sy skei te laat lê as ons net 'n lê kort.

Ook onder die dames is daar baie talent. Dink aan **Anna Struwig,** Wes-Transvaal-speelster en aan **Lidie Bekker.** **P. J. STEYN,** (Kaptein).



**Peet Steyn, Jukskeikaptein.**

'n Man wat niks anders doen as hom te beroem op sy voorvaders nie, is soos 'n aartappel waarvan die beste deel onder die grond is.

MNR. J. S. DU PLESSIS,

U VERTEENWOORDIGER VAN

REMBRANDT

Meyerstraat 9 — Telefoon 897

POTCHEFSTROOM.

Ed. L. OOMS, (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

• OOGKUNDIGE.

• Brilspesialiteit.

U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.

Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depot: CARLZEIS-JENA.

W. J. GROBBELAAR

MANS en DAMES-

HAARKAPPER.

Kerkstraat 97 — Telefoon 330.